Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
JUNIE 2024

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all *Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand* #C4ourself

WHALE COAST KONDIG MET WEERGALMENDE STERTKLAP SY TEENWOORDIGHEID BY INDABA AAN

Wilfred Chivell en Christine Wessels van Marine Dynamics en die van die Dyereiland-bewaringstrust in die geselskap van Overstrand se "ikoniese ambassadeur"

Die wêreld se enigste walvisroeper het onlangs die Kaapse Walviskus vir Durban verruil om die wonders van Overstrand se seelewe te deel met verteenwoordigers van ses-en-twintig lande wat Africa's Travel Indaba, die kontinent se toonaangewende skou vir die toerismebedryf, bygewoon het.

In die besonder het dié ikoniese ambassadeur van hierdie geleentheid gebruik gemaak om 'n ieder en 'n elk – ook die Suid-Afrikaanse minister van toerisme, Patricia de Lille, nogal – op te voed oor die diverse walvisspesies wat Overstrand se kuslyn al te dikwels besoek. Sosiale media het behoorlik gegons met foto's en video's van die walvisroeper met sy kenmerkende kelphoring omhoog – die basuingeskal ter aankondiging van walvisse se teenwoordigheid in Walkerbaai waarmee walviskykers in Hermanus maar al te vertroud is.

Hierdie jaarlikse indaba bied 'n gulde geleentheid om netwerke met die voorste operateurs in die reisbedryf te verstewig. En dit het behoorlik gegons rondom Overstrand se uitstalling waar almal meer te wete wou kom van hierdie uitsonderlike bestemming, met belangstelling in die aanbieding van sportgeleenthede in die Overstrand wat veral opmerklik was.

"Vanjaar se Indaba was veral besonders aangesien dit die eerste keer is dat Cape Whale Coast Tourism en eienaars van plaaslike toerismeprodukte kragte saamgesnoer het om, as 'n strategiese vennootskap, aan afgevaardigdes die geleentheid te bied om eerstehands te ervaar presies hoe divers en omvattend die ervarings is wat Overstrand aan toeriste bied," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê. "Ek het die volste vertroue dat die weg nou gebaan is om selfs 'n groter indruk by volgende jaar se Indaba te maak," het sy bygevoeg.

HANGKLIP-KLEINMOND-INWONERS

KRY INSPRAAK IN GESONDHEIDSORG VIR JUL GEMEENSKAP

Inwoners van Rooiels, Pringlebaai, Bettysbaai, Kleinmond, Hangklip en Heuningkloof word genooi om stukrag aan die Kleinmondkliniekkomitee te verleen.

Deur op hierdie komitee te dien, sal julle by magte wees om julle gemeenskap se behoeftes aan gesondheidsorg te lug sowel as om hul kommer en klagtes oor verbandhoudende dienste onder die komitee se aandag te bring.

Aansoekvorms kan tussen 07:30 en 16:00 op enige weeksdag by die Kleinmondkliniek afgehaal word en moet **teen nie later nie as 14 Junie 2024** terugbesorg word aan suster Elvira Gelderblom by die kliniek.

KLEINSKAALSE GEKOPPELDE OPWEKKING

Aanlyn aansoeke en registrasie nou moontlik

Voortaan sal kliënte en kontrakteurs in Overstrand hul aansoeke om en registrasie van kleinskaalse gekoppelde opwekking (in Engels *small-scale embedded generation* afgekort as SSEG) via 'n toegewyde SSEG-portaal kan indien.

Ongeag of die SSEG-installasie slegs bestem is om as 'n rugsteunstelsel vir persoonlike gebruik te dien of bestem is vir koppeling aan die kragvoorsienings-netwerk, kan alle aansoekers nou 'n persoonlike profiel op hierdie portaal skep wat hulle in staat sal stel om via die SSEG-toepassing aktiewe en afgehandelde aansoeke te bekyk en om gereelde opdaterings te ontvang oor aktiewe aansoeke se vordering deur die verskillende stadia van evaluering.

Dieselfde toepassing kan gebruik word om goedgekeurde SSEG-installasies te registreer.

Om toegang tot die portaal te verkry, gaan na apply.sseg.org.za, registreer as 'n aansoeker en volg die maklike stappe om jou aansoek vas te lê en die tersaaklike dokumentasie, soos vereis, op te laai.

As 'n alternatief, besoek Overstrand se amptelike webtuiste www.overstrand.gov.za, rol af tot by *Municipal Services* en klik op die "*Electricity and SSEG*"-oortjie.

AANDAG ALLE GESTREMDES, BEDLÊENDES EN VERSWAKTES:

Reël 'n tuisbesoek om u aansoek om deernishulp te vergemaklik

Bejaarde of liggaamlik gestremde inwoners met beperkte finansiële middele wat aan sekere kriteria voldoen, kan aansoek doen om noodleniging ten opsigte van eiendomsbelasting en munisipale diensgelde, met inbegrip van gratis basiese dienste en 'n beperkte aantal gratis elektrisiteitseenhede.

Aangesien sommige mense wat vir hierdie tipe noodleniging kwalifiseer, bedlêend of bloot te verswak is om hul weg tot by hul naaste munisipale kantoor te baan om hul aansoeke in te dien, het Munisipaliteit Overstrand se amptenare gesê hulle is meer as gewillig om tuisbesoeke af te lê by diegene wat werklik 'n dringende behoefte aan die bespoediging van hul aansoeke het. Tot op hede was die uitkoms van ongeveer 88% van die tuisbesoeke waaraan aandag geskenk is positief en, volgens rdl. Stephen Williams (burgemeesterskomiteelid vir finansies), dui alles daarop dat hierdie inisiatief potensieel dit baie makliker kan maak vir liggaamlik gestremdes en bejaardes om te baat by die deernishulp wat deur Munisipaliteit Overstrand gebied word.

Desondanks waarsku Williams: "Alhoewel enigeen om deernishulp aansoek kan doen, doen ons 'n beroep op die algemene publiek om te verstaan dat tuisbesoeke 'n voorreg is wat uitsluitlik vir verswaktes sowel as diegene met erge liggaamlike gestremdhede bestem is. Moet asseblief nie probeer om die stelsel uit te buit nie."

Om 'n tuisbesoek te versoek, tree in verbinding met finansies by u naaste munisipale kantoor:

Hermanusadministrasie:	028 313 8000 / 8912 / 8027 / 8933 / 5060 / 8042
Gansbaai-administrasie:	028 384 8300
Stanford-administrasie:	028 341 8500
Kleinmond-administrasie:	028 271 8400

Konstruksie van paviljoen by Hawston-sportgronde skop af

Op 22 April 2024 het Burgemeester Rabie amptelik die eerste sooi vir die nuwe paviljoen by die veeldoelige sportfasiliteit in Hawston gespit. Ook daar om hierdie geleentheid te vier, was Andrew Goodhead (Bergstan Consulting and Development Engineers); Dennis Hendriks (senior bestuurder: ingenieursdienste); Rhino Flowers en Ian McDonald (Ikapa Reticulation and Flow); Trevino Julius (programbestuurder: ingenieursdienste); Ayanda Stali (bestuurder: sport en ontspanning); rdl. Ronald Nutt (burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste); rdl. Stephen Williams (burgemeesters komiteelid vir finansies); rdl. Clinton Lerm (burgemeesters komiteelid vir investering, infrastruktuur en toerisme); rdl. Arnie Africa (Wyk 8-raadslid en burgemeesterskomiteelid vir bestuursdienste); Collin Ford (subkonsultant); Speaker Grant Cohen; rdl. Elnora Gillion (burgemeesterskomiteelid vir ekonomiese ontwikkeling); Ashley Swartz (voorsitter: Hawston-sport-en-ontspannings-komitee) en Buli Plaatjies-Mbane (bestuurder: Hermanus-administrasie).

Na aan die einde van April het die veeldoelige sportfasiliteit in Hawston nog 'n belangrike mylpaal bereik toe die konstruksie van 'n ± R34-miljoen-paviljoen amptelik 'n aanvang geneem het.

Bestem vir voltooiing in 2027 sal hierdie nuwe paviljoen, met sitplek vir ongeveer 'n duisend rugby-toeskouers en addisionele sitplekke wat op die atletiekbaan uitkyk, sportliefhebbers se aanskouing van hul gunsteling wedstryde/byeenkomste soveel aantrekliker maak. Die paviljoen sal aan beide kante met 'n dak bedek word en sal ook kleedkamers, ablusiefasiliteite, 'n kiosk, kantore en vergaderkamers huisves.

Konstruksie word in vier fases verdeel met net meer as R12 miljoen (BTW uitgesluit) wat in fase 1 bestee gaan word aan die gedeeltelike konstruksie van die hoofpaviljoen wat sitplek vir ongeveer 500 mense sal bied. Die strukturele komponente van die paviljoen bestaan uit gewapendebetonfondasies, -kolomme en -balke. Aanvanklik sal siviele ingenieurswerke die skoonmaak van die terrein en grond-verskuiwings sowel as die installering van watertoevoer, riooltenke en stormwaterdreinering behels. Daarna sal die konstruksie van die sementsitplekke, trappe en ablusiefasiliteite 'n aanvang neem.

Die netbal- en tennisbane, krieketveld, grasatletiekbaan en rugbyvelde is reeds in gebruik en daar word tans ondersoek ingestel na die haalbaarheid van boorgate as 'n wyse om die sportvelde te besproei.

Ten tyde van die sooispitseremonie het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê sy is bly om te sien dat Hawston vinnig besig is om in 'n nuwe spilpunt in die Groter Hermanus-gebied te ontpop: "Benewens hierdie projek, het 'n nuwe skool sy deure aan die begin van die jaar in Fisherhaven geopen en is goedkeuring verleen vir 'n nuwe private behuisingsontwikkeling bestaande uit 1 600 eiendomme net oorkant die pad. Voorts het die munisipaliteit alle rede om te glo dat sy voorspraak vir die ontwikkeling van seeplase in dié area met die oog op werkskepping eersdaags vrugte sal afwerp."

Die Burgemeester het ook haar dank betuig vir die bydrae van ± R9 miljoen wat via die Wes-Kaapse toelae vir munisipale infrastruktuur moontlik gemaak is, sowel as vir die harde werk van die vorige en huidige Wyk 8-raadslede, Arnie Africa en Elnora Gillion, die Hawston-sport-en-ontspanningskomitee en die onderskeie munisipale departemente wat by hierdie projek betrokke is.

"Hierdie is 'n massiewe investering in die verbetering van die lewensgehalte van Hawston se mense en gaan, by voltooiing, gereken word as een van die toonaangewendste sportfasiliteite in die Overberg-distrik," het sy gesê. "Ek doen 'n beroep op die gemeenskap om eienaarskap te aanvaar want dit het 'n sin van trots en verantwoordelikheid tot gevolg."

KOGGEL JY DIE REG?

ONS SIEN JOU IN DIE HOF

Te oordeel na die verstommende aantal dagvaardings wat munisipale wetstoepassers op 'n maandelikse basis moet bedien, het Overstrand se inwoners klaarblyklik geen respek vir verkeerswette of munisipale verordenings nie.

In reaksie op hierdie skokkende stand van sake het onderburgemeester Lindile Ntsabo, wat ook die voorsitter vir die portefeulje beskermingsdienste is, 'n beroep op inwoners gedoen om padreëls na te kom en om ag te slaan op die regulasies wat in munisipale verordenings neergelê is.

"Dit is in 'n ieder en elk se belang om 'n kultuur te vestig waar daar van ***almal*** verwag word om die reëls na te kom. Doen ons dit nie, stel ons die veiligheid en sekuriteit van almal wat hier woon in gevaar," het hy gesê.

Hy het ook uitdruklik verklaar dat die munisipaliteit daartoe verbind is om sonder uitsondering alle reëls en regulasies af te dwing en gewaarsku dat dit nie sal huiwer om swaar boetes op te lê of, indien nodig, gewoonte-oortreders selfs tot tronkstraf te vonnis nie.

HOE OM 'N DAGVAARDING TE BETWIS

- Om 'n dagvaarding te betwis wat ten opsigte van 'n **verkeersoortreding** uitgereik is, vra die nodige vorms aan by die betrokke munisipale verkeerskantoor/munisipale kassier of rig 'n e-pos aan fines@overstrand.gov.za.
- Om 'n dagvaarding te betwis wat ten opsigte van 'n **ander oortreding** uitgereik is, rig 'n e-pos aan court@overstrand.gov.za.
- Let daarop dat wanneer 'n dagvaarding ook al betwis word, moet sodanige vertoë vergesel word van alle tersaaklike dokumentasie en volledige persoonlike inligting moet verskaf word.

HOE OM 'N BOETE TE BETAAL

Alle boetes kan óf oor die toonbank óf via elektroniese fondsoordrag vereffen word.

Vir **oor-die-toonbank-vereffenings**, besoek die kassier by Overstrand se verkeersafdeling in Hermanus, die munisipale kantoor naaste aan jou of die addisionele hof vir munisipale sake in Hermanus.

- Let daarop dat wanneer 'n boete oor die toonbank betaal word, moet die werklike boete en alle tersaaklike dokumentasie getoon word.

Om via **EFT te betaal,** let op die volgende reëlings soos per die oortreding ter sprake.

BETALING VAN VERKEERSBOETES VIA EFT

Bankbesonderhede:

NEDBANK:	Inland Garden Route
Branch Code:	198765
Lopende rekening:	1190137186
SWIFT-kode:	NEDSZAJJ
Rekeninghouer:	Overstrand Municipality Traffic Fines
Verwysing:	Die boete se volledige nommer maar sonder die "/"
Bewys van betaling:	Stuur na fines@overstrand.gov.za
Navrae:	028 313 8167 / 8174

BETALING VAN ANDER BOETES VIA EFT

Bankbesonderhede:

NEDBANK:	Inland Garden Route
Branch Code:	198765
Lopende rekening:	1190136678
SWIFT-kode:	NEDSZAJJ
Rekeninghouer:	Overstrand Municipality
Verwysing:	Boete se nommer
Bewys van betaling:	Stuur na court@overstrand.gov.za
Navrae:	028 313 8924/8936/8041/5028